# SIRKELFLITS



## 'N GESEËNDE PAASFEES


**Wat beteken Paasfees 2024 p 2**

**Die Kerk van Jesus p. 4**

**"Die menth ith tog tho thondig!" p. 6**

**Geskiedenis van die Bybel p. 2**

**Ons Boeke-hoek p. 5**

**Attie van Wyk PS p. 7**

**Betekenis van Paasfees p. 3**

**NS JAARPROGRAM p. 8**





2024:1
MAART 2024

# PAASFEES 2024



Hoe dikwels vra ek vir mense:
***Wat beteken Paasfees vir jou; wat se verskil maak dit enigsins in jou lewe; hoe gaan Paasfees 2024 maak dat jy anders dink oor wat Kruis, Graf, Opstanding beteken?***

Kan ons sien hoe Paasfees in die seisoen van 'n Nuwe Lewe, Herlewing, en Verandering staan? Dit gaan oor hoe ons ons eie Kruis dra en al die kere wat God jou uit jou graf van self-veroordeling, skuldgevoelens, skaamte, en spyt **laat opstaan in 'n nuwe verstaan van wat dit beteken om in die volheid van God te leef.**

Paasfees is **'n simbool** van die natuurlike siklus van wedergeboorte, en die voortdurende proses van 'n metamorfose in ons lewens. Dit is 'n seisoen van vernuwing in ons emosionele en geestelike landskappe.

Paasfees is ook **herinnering** dat, ongeag hoe onvrugbaar die psigografiese landskap van ons siele is, die saad van hoop ontkiem in blomme van transformasie. Opstanding is nie eenmalig nie, maar 'n voortdurende reis wat vra om die grafte in ons harte te ondersoek — daai plekke waar vrees, twyfel, en wanhoop heers… en ons nooi om die klippe weg te rol wat ons insig, verstaan, ervaring, en reis IN God belemmer.

Daarom bid ek dat elkeen van ons die viering van Paasfees sal sien as 'n herinnering wat dit is **om uit die kokon van ou paradigmas te breek** met uitgestrekte vlerke en 'n uitgebreide bewussyn.

**Mag die Gees van Liefde ons geheel en al vul en lei na 'n plek waar ons saam met Jesus,, en in Jesus sal reis soos die Emmausgangers van ouds.**

Met liefde in die Lig van die Opstanding.
Terblanche

## GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL

**SATERDAG 11 MEI 2024 VAN 9:00 TOT 13:00**

Daar sal op die Geskiedenis van die Ou Testament gefokus word:

- begin met Abraham en stap tot by Jesus
- kyk na die invloed van die Sumeriese, Kanaänitiese, Egiptiese en Babiloniese godsdienste op Judaïsme
- blaai deur die historiese boeke, die wysheidsliteratuur, profete, asook die outeurvraagstukke van wie wat geskryf het en wanneer

Die doel is om 'n begrip te ontwikkel hoe die Ou Testament 'n 2000 jaarlange geskiedenis bymekaar bring.

**SATERDAG 18 MEI 2024 VAN 9:00 TOT 13:00**

Die fokus val op die Geskiedenis van die Nuwe Testament

- begin by Jesus en eindig by Konstantyn (325CE)
- ook die vrae oor wie die Evangelies geskryf het, word verken
- wie Paulus was en waarom soveel van sy briewe in die NT ingesluit is

Die vroeë kerk van die eerste 3 eeue na Christus word dus behandel. Dis 'n heerlike reis om te bepaal waarom die Bybel steeds belangrik en relevant vir ons as Christene is.

**KOSTE PER SATERDAG PER PERSOON - R 250.00 PER PAAR PER R400**

**HOOP OM SOVEEL AS MOONTLIK VAN JULLE DAAR TE SIEN!**

# WAT IS DIE BETEKENIS VAN PAASFEES

Paastyd is een van die hoofvakansiedae of feeste in die Christendom. Vir baie Christenkerke is dit ‘n vreugdevolle einde van die Lydingstyd van vas en boetedoening. Die datum vir Paasfees word elke jaar bepaal deur 21 Maart, die Lente Dag-en-Nag-Eweninge in die Noordelike Halfrond. Paassondag is die eerste Sondag, na die eerste volmaan, na 21 Maart.

Die Paasstorie, soos opgteken in al vier die Evangelies in die Nuwe Testament, begin by die kruisiging van Jesus Christus, Sy begrafnis en kulimneer in Sy opstanding uit die dood. Volgens Matteus, Markus, Lukas en Johannes is Jesus gekruisig deur die Romeinse heersers as ‘n religieuse leier. Hy is toe in ‘n graftombe van Joseph van Arimathea begrawe.



Op die derde dag na Sy dood vind vroue wat die graftombe besoek dat dit leeg is, met engele wat Jesus se opstanding verkondig. Hulle vind hom lewendig terwyl Hy aan sy dissipels verskyn, bewyse toon van Sy opstanding voor sy hemelvaart. Hierdie wonderlike gebeurtenis bevestig Jesus se identiteit as die Seun van God en die vervulling van die profesieë aangaande die Messias.

Vir baie is die Pase ook ‘n tyd om te besin oor die betekenis van die lewe en die mag van liefde en vergifnis. Deur die simboliek van die Pase word Christene herinner, al is dinge hoe donker, daar is hoop in die mag van die Opstanding en dus ‘n Nuwe Begin.

*OPGELEES EN SAAMGESTEL DEUR*
*EDWARD SMUTS*





Daar is baie verskillende religieuse en sekulêre tradisies wat die Paastyd reg oor die wêreld omring. Hier is ‘n paar daarvan:

- Bywoning van kerkdienste om die Opstanding te vier
- Soek van Paaseiers
- Versiering van eiers as Paaseiers
- Paasmandjies met allerhande bederfies daarin
- Lamsvleis by die paasete is ‘n tradisionele paasdis, want dit simboliseer Jesus Christus as **die Lam van God**
- Dra van Paashoede versier met blomme en linte
- Aansteek van kerse gedurende die Paasdiens, want dit simboliseer dat met die Opstanding van Jesus Christus lig oor duisternis seevier.
- Die plant van blomme as simbool van nuwe lewe en wedergeboorte.



# DIE KERK VAN JESUS?



**Chrisna Smuts het die boek deur Dr. Albert Nolan *"Jesus before Christianity"* by die Boekgroep bespreek.**
**Dit is 'n verkorte weergawe.**

Tussen Jesus se geboorte in Bethlehem en sy sterfdag op Golgota buite Jerusalem lê 'n lewe van 33 jaar, waarvan hy die laaste drie jaar tussen gewone mense gewerk het, daardie mense met wie hy geïdentifiseer het.

Die Christelike kerkjaar word dan ook gestruktureer met hierdie gebeure as fokuspunte, 'n gebruik wat deur die eeue nog steeds in stand gehou word.

Ons is nou in die Lydingstyd wanneer die gelowiges regoor die wêreld hulle voorberei vir die Pase. En tog het daar deur die jare vrae ontstaan, vrae waarmee talle gelowiges, mense wat sê dat hulle volgelinge van Jesus is. Hoekom word daar soveel klem op veral die Paasfees gelê? Het dit regtig vandag nog waarde om jaarliks ook kwartaalliks Jesus se dood en opstanding te herdenk?

Wanneer mens na die toestand van ons pragtige blou planeet kyk en jy kyk na gebeure in die wêreld, die verskillende lande, die mense, die omgewing – sien ons vandag die miljoene Christene se invloed op die mense rondom hulle, op die omgewing en in hulle kerke? Word ons vandag nog aangevuur deur Jesus soos sy volgelinge van ouds?

Wanneer mens dr. Albert Nolan se boek "Jesus before Christianity", lees, besef jy dat ons Jesus nooit regtig in sy Joodse konteks leer ken het nie, ook nie in die historiese konteks van die Jode in Palestina ongeveer 2000 jaar gelede nie. In hierdie boek stap mens as't ware op Jesus se spore, veral nadat Hy hom deur Johannes die Doper laat doop het.

Hoekom het hierdie Joodse man van 'n klein gehuggie soos Nasaret soveel mense na hom aangelok, oral waar hy gekom het?

Jesus het hoop gebring vir daardie mense wat hooploos was, hulle wat buite die dorpies en die stadsmure moes leef, wat eintlik nie meer deel was van die Joodse volk of van 'n familie nie en dus geen ondersteuningsnetwerk gehad het nie.

Jesus het egter ook die ernstige wanpraktyke gesien in die Joodse establishment: die klein minderheid wat in magsposisies was in die kultureel-godsdienstige lewe en die rykes. Jesus het die Tora geken en daarom kon hy sien hoe hulle die wette misbruik sodat die arme mense ekonomies al hoe swaarder gekry het. Die liefde en deernis wat God van hulle verwag het, was geheel en al afwesig en die nood onder die mense is eenvoudig geïgnoreer.

Dit is 2024 en die Christendom is die grootste godsdiens in die wêreld. Sommige lande se leiers verklaar openlik hulle lande is Christelik. Ons vier Paasfees, maar tog is die **afwesigheid** van Jesus se waardes en dit waarvoor hy gestaan het, sy omgee, sy deernis meer voelbaar en sigbaar in die duisende kerke regoor die wêreld.

En in my hart hoor ek myself vra: Het jy soos hy deernis, omgee en aanvaarding?

Na Jesus se dood het sy volgelinge steeds sy teenwoordigheid ervaar. Sy waardes en dit waarvoor hy gestaan het, was die samebindende faktor. Indien mens vandag hierdie dinge verwerp, verwerp jy vir Jesus, is hy nie meer die eerste in jou lewe nie en is iets anders die belangrikste.






# ONS BOEKEHOEK

**Lize-Mari du Plessis**



Daar is net te veel boeke wat ek wil bekend stel!!! Ek weet nie eens waar om te begin nie, maar ek het deur my bibliotekie gestap en drie boeke uit verskillende genres gekies. Ek weet julle sal dit geniet!


## 1. Klassieke Literatuur:




### Things Fall Apart geskryf deur Chinua Achebe

Gepubliseer in 1958: Hierdie boek is een van min klassieke boeke uit Afrika, en is al vertaal in 32 tale. Die skrywer is van Nigerië en verduidelik sy Afrika kultuur en die invloed wat Christelike sendelinge op die kultuur gehad het. Dis vanuit die perspektief van 'n tradisionele leier wat dit as baie negatief ervaar het. Die boek illustreer op 'n baie rou manier hoe Westerse invloed wat gesien word as die ware 'beskawing', 'n kultuur en menswaardigheid heeltemal kan uitwis en 'n nasie kan breek. Dis eerlik en hard geskryf, en dit dwing jou om jou perspektief bietjie aan te pas van hoe ons mekaar se kulture hanteer, veral in Afrika.

## 2. Filosofie:





### Life of Pi geskryf deur Yann Martel

Hierdie boek het my in baie opsigte gehelp om my geloof en die Bybel te verstaan. Die storie handel oor 'n jong Indiese Hindu seun, Pi Patel, se soeke na God. Sy ouers besit 'n dieretuin in Pondicherry, Indië. Van 'n jong ouderdom af probeer Pi om God te verstaan en hy wy hom toe aan Islamitiese, Hindu en Katolieke studies. Pi moet saam met sy ouers in 'n boot reis vanaf Indië tot in Kanada…saam met die dieretuin. Die 'ark' sink op pad na Kanada, en Pi verloor sy familie. Hy is gestrand op 'n roeibootjie saam met 'n Sebra (met 'n gebreekte been), 'n Orangoetang, 'n Hiëna en 'n Tier met die naam van Richard Parker. Pi se vasberadenheid om te oorleef help hom om God en Geloof te verstaan.

## 3. Fiksie / Fantasie:

### The Invisible Life of Addie LaRue deur V.E. Schwab




'n Boek vir enigeen wat lus is om 'n baie unieke storie te lees wat mens diep laat dink oor ons verantwoordelikheid, wat ons nalaat en wat ons beteken terwyl ons hier is. Addie word in 1714 as jong meisie in 'n huwelik gedwing, en sy besluit om te bid vir ewige vryheid …die Gode luister, maar Addie se vryheid waarvoor sy vra, word aan haar gegun deurdat sy nooit onthou word na sy uit 'n vertrek stap nie. Sy kan haarself voorstel aan mense, maar sodra sy oor die drumpel trap, verdwyn sy uit hulle geheue. Sy is vry om te doen net wat sy wil, want daar is geen nagevolge as jy nie regtig bestaan nie. Addie leef vir ewig, maar word deur niemand onthou nie. Sy word desperaat om net haar stempel op die aarde af te druk, maar sy los nie eens 'n voetspoor nie. Sy drentel vir 300 jaar rond, totdat 'n jong man haar op 'n dag onthou…

# "Die menth ith tog tho thondig!"

**Nee, dit is nie uit 'n besopene se mond nie. Wel gebesig deur die lispelende dominee in die NG Kerk op die warm plattelandse dorp waar ons gesin soms gaan kuier het. En terugskouend die eerste keer waar ek besef het ek kan nie saamstem met alles wat as die waarheid van die kansel af verkondig word nie.**

Ons was 'n gemiddelde christengesin – nie uitermate godsdienstig nie: Sondae kerk toe gegaan, nie altyd in die aande nie, niemand is gedwing om bidure by te woon nie. Die credo: "Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê" was wel baie sterk teenwoordig in ons huis.

So baie dinge is egter as sonde deur die kerk gebrandmerk: ons tienermusiek, enige aktiwiteit (tog net nie sport, hengel of swem nie) anders as lees op 'n Sondag, dans, buitehuwelikse seks, homoseksualisme en so meer.

Vrees vir die vreemde is by ons (nie net deur die kerk nie) ingeboesem: die swart gevaar, die Rooms-Katolieke aanslag, die rooi gevaar, later die charismatiese "sektes" en die New Age-beweging. Selfs die Rotariërs en die Round Table is met agterdog bejeën. Om van die Bokryers (Vrymesselaars) nie te praat nie – "hulle bid dan vir 'n universele god…" En evolusie!!
Op universiteit het ek in my eerste jaar nog probeer om kerk toe te gaan, maar al minder bevrediging verkry uit die geradbraakte preke oor die beërwing van die ewige lewe slegs deur ware chistene. Ek het opgehou dienste bywoon en baie aande met my vriende geredekawel oor hul geloof in dit wat ek nie kon aanvaar nie. Met 'n evolusionêre bril kon ek nie meer die Ou Testament lees nie, en geweet dat die aarde ongelukkig nie net 6 000 jaar oud was nie en alles nie letterlik opgeneem kan word nie.

Ek wou so graag onbevange glo in Jesus Christus as my saligmaker, maar rasioneel het die gedagte net nie sin gemaak nie. Moet al die ander nie-christene dan die verdoemenis betree en brand in die ewige vuur van verderf? "Op die vloere van die hel, kruip babas rond", volgens een van die ou kerkvaders. Hul enigste sonde – die sg erfsonde. Nee, 'n duisend maal, nee!

Vir my gesin se onthalwe het ek weer kerk toe begin gaan – selfs diaken gespeel! Darem 'n beter bydrae in die koor gemaak… Die oomblik toe die kinders die huis verlaat, het ek, tot groot ongelukkigheid van my vrou, summier opgehou en vir bykans 20 jaar nie weer my voet in 'n kerk gesit nie. Wel darem nog probeer om 'n bydrae tot die welstand van die mense in my omgewing en ook daarbuite te maak. Ook wyd gelees oor ander sienswyses oor God. Een filosoof wat 'n diep indruk gelaat het, was Baruch Spinoza met sy afmaak van die Jode as die "uitverkore volk van God" en dat God alles is, maar ook meer as alles.

En toe op 'n dag, so twee jaar gelede, oortuig sy my om na Terblanche Jordaan te gaan luister (sy was toe al 'n keer of wat in die kapel). Ek stap binne en ek ontdek VRYHEID – om onbevange te glo in die liefde en genade van God vir ALLE mense. Ek is bevry van al die vrese en bekommernisse oor my dalk eiesoortige GLO.

**My ewige lewe lê daarin dat ek nooit sal vernietig kan word nie – my molekules sal herlewe in 'n sterk karobboom wat sal sterf en weer gebore word ensovoorts, ensovoorts… Ek het VREDE gevind. Ek stap weer die "kerk" binne met VREUGDE. Dankie!**

**Opmerking deur redakteur: Edward Smuts**

Hierdie skrywe kom uit die pen van twee gewaardeerde Sirkelvriende wat Anoniem wil bly. Hulle verwoord egter pragtig wat vele Sirkelvriende by Neo-Spektrum ervaar het, maar nog nooit verwoord het nie; almal wat uiteindelik by die Kapel ingestap het. 'n Plek waar ons woorde gekry het vir ons denke en tot die besef gekom het daar is ander wat ook so dink en voel.

# NEO-SPEKTRUM & ATTIE VAN WYK PS




Die fokus van Neo-Spektrum se uitreik is by Attie van Wyk PS. Die betrokkenheid by die skool strek al oor baie jare en word op verskeie manier gehelp.

Aanvanklik is daar ondersteuning met ‘n leesprogram gebied. Later het NS ook hulp met sportafrigting gebied en was betrokke gewees by die reël en finansiële ondersteuning van sportbyeenkomste.

Sedert 2018 het NS begin om drie hoërskool-beurse vir uitgawes vir talentvolle leerders beskikbaar te stel. Die drie het reeds in 2022 al drie gematrikuleer. Vanaf 2022 is daar weer vir vier leerders finansiële ondersteuning vir hulle hoërskool-loopbaan gebied. Hulle is nou al vier in graag 9. Twee is by Durbanville Hoërskool, een by Scotsville Sekondêr en die ander een by Aquilla Hoërskool.

Die ruimte vir 230 leerders was nog altyd beperk, maar daar is tog vir elke graad een klaskamer asook ‘n rekenaarkamer en biblioteek. Daar was egter ‘n ontsettende behoefte aan ruimte vanwaar die bestuur/administrasie van die skool hanteer kon word.

Een van ons argitek-sirkelvriende, Frikkie Fourie, het kosteloos bouplanne ontwerp. Daar is voorsiening gemaak vir twee kantore (vir die skoolhoof en die vise-hoof) en ‘n , ontvangsruimte waar die sekretaresse ook haar werkstasie het. Die vorige administratiewe kantoor (voorheen vir skoolhoof, sekretaresse en vergadervertrek) is nou omskep in ‘n konferensiekamer. Daar is ook ‘n beton loopbaan gebou om die toeganklikheid te vergemaklik.

Die skoolhoof was gelukkig om na ongeveer twee jaar ‘n borg te kry vir die aanbouings. Hy het ook die skoolbussie van Blue Mountain PS wat gesluit het, te bekom as ‘n vervoermiddel vir Attie van Wyk. Dit stel hulle in staat om meer buitemuurse aktiwiteite aan te bied nadat die skoolbussie vertrek het. Nou kan die leerders met hierdie bussie huistoe vervoer word of na ‘n sportbyeenkoms.

Op die foto is die aanbouings sigbaar aan die regterkant van die oorspronklike konstruksie met die kantore naaste aan die bussie. Toe die foto geneem is, was die skool nog besig met die finale afronding van die terrein voor die skoolgebou.

# Neo-Spektrum Jaarprogram 2024

| DATUM | PROJEK | INLIGTING |
|---|---|---|
| Deurlopend | ***Wysheidsirkel*** | Elke Sondag 10:00 |
| Soos aangedui | ***Boekbesprekings*** | 1ste Maandag van die Maand 19:00<br>Jacquesingel 9, Uitzig, Durbanville |
| Soos aangedui | ***Gespreksgroepe*** | Noordelike Voorstede 19:15<br>Lees A Course in Miracles<br>Laaste Donderdag van maand |
| | | Welgemeend Huis, Tamboerskloof 18:00<br>Informele gesprek oor christelike spiritualiteit |
| **Skoolkwartaal** | **17 Januarie - 20 Maart** | **(01/01 Nuwejaar; 21/03 Menseregtedag)** |
| 24-Jan | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| **School Term** | **3 April - 14 Junie (29/3 Goeie V; 1/4 Fam.; 27/4 Vryh.; 1/5 Werkers; 16 & 17/6 Jeug)** | |
| 14-Apr | ***Gewone Jaarvergadering*** | Direk na Wysheidsirkel by Kolping |
| 8 Mei | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| 11 Mei | ***Werkswinkel:*** | Werkswinkel in 2 sessies aangebied |
| | ***Geskiedenis van die Bybel Ou Testament*** | 09:00 - 13:00 by Kolping |
| 18 Mei | ***Werkswinkel:*** | Werkswinkel in 2 sessies aangebied |
| | ***Geskiedenis van die Bybel Nuwe Testament*** | 09:00 - 13:00 by Kolping |
| Junie/Julie | ***Winterhoopprojek*** | MES |
| **Skoolkwartaal** | **9 Julie - 20 September (9/8 Vrouedag; 24/9 Erfenisdag)** | |
| 28-Jul | ***Sosiale Funksie*** | Nog in beplanning |
| 18-Sep | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| **School Term** | **1 Oktober - 11 Desember (16/12 Versoen; 25/12 Kersfees; 26/12 Welwillenheid)** | |
| 27-Oct | **UK -Jaareindfunksie** | 12:00 - 15:00 |
| 06-Nov | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| 09-Nov | **Somerfees** | Lekker samesyn |
| 01-Dec | ***Algemene Jaarvergadering*** | Direk na Wysheidsirkel by Kolping |
| November | ***Somerhoopprojek*** | Huis Jabes |

**Let asb op dat die program details agv onvoorsiene omstandighede mag verander. Meer inligting oor Neo- Spektrum is beskikbaar op die webblad. [www.neospektrum.co.za](http://www.neospektrum.co.za)**

**Kontakpersoon: Edward Smuts: 082 788 1824**